# Familie Tuisblad

Keuses

## 1 Begin hier

Wat sal jy liewer drink: 'n koppie helder water uit 'n koue bergstroom of 'n koppie modderige water vanuit 'n modderplas wat langs die pad lê?
Die antwoord klink eenvoudig. Maar die profeet Jeremia sien hoe mense dom keuses maak, soos om afgode te dien en nie God te gehoorsaam nie.
In Hebreërs moet gelowiges ook herinner word om die regte keuses te maak as volgelinge van Jesus.

## 2 Lees

Jer 2:4-13,
Heb 13:1-8, 15-16

Laai die **DinkJeug Familie App** gratis af vir daaglikse huisgeloof oordenkings.

Google Play:

Apple iStore:

## 3 Gesels

- Is daar dinge in ons lewens wat vir ons belangriker raak as God?
- Watter dom keuses maak jy soms? Hoekom?
- Hoekom dink jy is dit belangrik om nie net op onsself te vertrou nie, maar op God?
- Wat word genoem in Heb 13 wat jy ook moet onthou.

## 4 Bid

Neem almal 'n beurt om 1 sin te bid wat iets bely wat soms té belangrik word.
Bid nou elkeen weer 1 sin om dankie te sê vir 1 ding waarmee die Here jou help.

## 5 Doen

Gebruik hierdie week die DinkJeug Familie App om saam te luister en te gesels oor die tweede week van "prettige profete" waar jy nog 5 profete ontmoet.

Kyk ook na die video op YouTube met die naam "Oorsig: Jeremia".